



VOOR-OES KOMMUNIKASIE

2026/27 WINTERGRAANSEISOEN

Oesinname-reëlings, silodienste, tariewe,
graankwaliteitsvereistes en produsente-ondersteuning.

BELANGRIK

Lees asseblief hierdie dokument voordat graan afgelewer word. Maak seker dat afleweringsinstruksies, bergingsooreenkomste en voertuigbestuurder instruksies in plek is voordat die eerste vrag arriveer.

Agrimark Grain oesinname gids

Geagte Kliënt,

Hierdie gids bring die belangrikste 2026/27-inname-reëlings saam in een duidelike verwysingsdokument sodat aflewering so doeltreffend moontlik beplan, ontvang en toegeken kan word. Deel asseblief die relevante vereistes met u plaaspersoneel, vervoerders en bestuurders voordat die oes begin.

Agrimark Grain bly verbind tot betroubare diens, akkurate administrasie en praktiese ondersteuning regdeur die seisoen.

Ons wens u 'n veilige en suksesvolle oes toe.

Vriendelike groete



LOUIS COETZEE

OPERASIONELE BESTUURDER: GRAAN & SAAD

Voor u eerste aflewering

Aksie	Wat u moet doen	Wanneer
Onderteken die vereiste ooreenkomste	Voltooi 'n Graanbergingsooreenkoms. Waar graan aan Agrimark Grain verkoop word, voltooi ook die toepaslike aankoopkontrak.	Voor eerste aflewering
Bevestig aflewering sinstruksies	Verskaf 'n graanleweringsoopdrag saam met elke vrag en lig voertuigbestuurders in oor kontraktoewysing en afgraderingsbesluite.	Elke vrag
Bevestig kommoditeit en silokapasiteit	Kontak Agrimark Grain voordat kanola, hawer, korog, lupiene, rog of gars afgelewer word.	Voor versending
Berei voertuie voor	Maak seker dat bakke selfledigend is, agterklappe korrek funksioneer en olieëkke herstel is.	Voor oes
Gebruik die portaal	Bevestig kontrakte, voorraad, oorplasings, sertifikate en rekeninginligting aanlyn.	Regdeur die seisoen

BELANGRIKE TARIEF DATUM

Daaglikse bergingskoste vir koring word vanaf 19 November 2026 gehef totdat dit oorgedra, onttrek of die toepaslike berging plafon datum bereik word, watter ook al eerste plaasvind. Dra gekontrakteerde graan in privaatberging betyds oor na die toepaslike kontrak om onnodige bergingskoste te vermy.

Inhoudsopgawe

1. Silo-tariewe en bergingsopsies
2. Koring inname, gradering en afleweringsinstruksies
3. Ander graan en beskikbare silo's waar opgeberg
4. Voertuig-, aflaai- en voedselveiligheidsvereistes
5. Vog, massa-aanpassings en skoonmaakkoste
6. Portaal
7. Betalings en vereffeningsreëlins
8. Heffings wat op wintergraan van toepassing is
9. Graanbemarkings dienste
10. Saadaangeleenthede en -dienste
11. Agrimark Grain kontak besonderhede

HOE OM HIERDIE GIDS TE GEBRUIK

Gebruik die aksie-opsomming vir beplanning, die tarief- en tegniese afdelings vir operasionele besluite, en die kontakte-afdeling wanneer jy hulp nodig het. Die ondertekende bergingsooreenkoms en toepaslike wetgewing bly gesaghebbend waar hulle kontraktuele of statutêre vereistes voorskryf.

1. Silo-tariewe en bergingsopsies

ALLE TARIWE SLUIT BTW UIT

Die onderstaande tariewe word per metrieke ton aangedui en sluit BTW uit. Verwys na die volledige Agrimark Grain-tariefskema vir kommoditeitspesifieke kostes wat nie hier gelys word nie

Koringtariewe vir 2026/27

Koste	Tarief / basis	Fakturering van toepassing
Hantering	R68.00/t	Gefaktureer aan die einde van Desember 2026
Dagstoor	R1.48/t/dag	Gehef vanaf 19 November 2026 en word gefaktureer aan die einde van Desember 2026
Elektroniese Safex/Silo sertifikate	R4.60/t	Gehef by uitreik van 'n elektroniese Safex/Silo sertifikaat
Dagstoor plafon datum (uitgesl. Vredenburg)	15 Mei 2027	Geen dagstoorkostes vanaf 16 Mei tot 30 September 2027
Vredenburg dagstoor plafon datum	31 Maart 2027	Geen dagstoorkostes vanaf 1 April tot 30 September 2027
Dagstoor (vorige seisoene voorraad)	R1.48/t/dag	Van toepassing vanaf 1 Oktober 2026 tot 30 September 2027

Met SAFEX-sertifikate word die toepaslike SAFEX-dagstoortarief vanaf die datum van uitreiking van die sertifikaat tot datum van kansellering / oordrag gehef, en is betaalbaar deur die oordragnemer van die sertifikaat.

Gekontrakteerde graan wat in privaatberging gehou word, moet so gou moontlik na die relevante Koperkontrak oorgedra word, vóór **19 November 2026**.



SILODIENSTARIEWE VIR DIE 2026/2027-SEISOEN

SILODIENSBEKRYWING		Graan	Beskrywing	2026/27
1	Hantering	Koring	Alle silo's & bunkers	R68,00 per ton
		Lupiene, hawer, korog, gars, rog	Waar van toepassing	R68,00 per ton
		Mielies 2026/27 (1 May 2026 - 30 April 2027)	Waar van toepassing	R60,00 per ton tot 30 Apr 2027
2	Opberging	Koring	vanaf 19 Nov 2026	R1.48 per ton per dag
			Plafondatum: Alle silo's en bunkers uitgesluit Vredenburg	15 Mei 2027 (Vredenburg Silo - 31 Maart 2027)
			Safex sertifikaat	Safex tarief per ton per dag vir 2026-27 vanaf uitreik
		Lupiene, hawer, korog, gars, rog	vanaf 19 Nov 2026	R1.48 per ton per dag
			Plafondatum	15 April 2027
		Canola	Jaartarief (tarief sluit hantering in)	R300,00 per ton
		Mielies 2026/27 (1 May 2026 - 30 April 2027)	Dagtarief	R1,15 per ton per dag tot 30 Apr 2027
			Jaartarief (uitgesluit hantering)	R100,00 per ton tot 30 Apr 2027
3	Oordragtarief na 30 September	Alle graan, uitgesluit mielies	Alle silo's en bunkers	Dagtarief vir 2026/27-seisoen hervat vanaf 1 Oktober 2026
4	Massabepaling, monsterneming,gradering(R/ton)	Alle graan	Vrag word nie afgelaai nie	Op Aanvraag
5	Massabepaling	Alle vragte	Per as met maksimum tot 4 aste	R43,48 per as
6	Gradering van monster uitgesluit valgetal:	Alle graan	Graanmonster deur klant voorsien	Op Aanvraag
7	Valgetalbeplating	Koring	Koringmonster deur klant voorsien	R117.39 per monster
8	Skoonmaak van graan	Rog, korog, hawer, gars, koring	Graafwater, Ceres, Vredenburg, Eendekuil	R500,00 per ton
9	Skoonmaak van graan	Lupiene	Graafwater, Ceres, Vredenburg, Eendekuil	R515,00 per ton
10	Skoonmaak van graan (Siloskoonmakers, sluit hantering in)	Koring, rog, hawer, mielies	Alle silo's uitgesluit Vredenburg, Graafwater, Ceres	R155,00 per ton
11	Uitsak van losmaatgraan in sakke (tarief sluit nie sakke in nie)	Koring, hawer,mielies, rog, soetlupiene	Op navraag	Op Aanvraag
12	Uitreik van papier silo-sertifikaat op versoek van klant		Adminkantoor Malmesbury	R3,30 per ton
13	Uitreik van elektroniese silosertifikaat op versoek van klant	Koring	Adminkantoor Malmesbury	R4,60 per ton
14	Voorraadoordrag vanaf privaatoopberging na bemarkingskontrak	Alle graan	Adminkantoor Malmesbury / Porterville	Gratis
15	Voorraadoordrag tussen graankopers/-eienaars	Alle graan	Adminkantoor Malmesbury	R3,30 per ton
16	Konsolidasiefooi	Alle graan	Adminkantoor Malmesbury	Gratis
17	Voorraadruilings (Swops)	Alle graan	Adminkantoor Malmesbury	Gratis
18	Droging van graan:		met 0,50%	R175,00 per ton
			met 1,00%	R185,00 per ton
			met 1,50%	R195,00 per ton
			met 2,00%	R205,00 per ton
			met 2,50%	R215,00 per ton
			met 3,00%	R225,00 per ton
19	Deurlugting van koring:	Porterville; Riebeek Wes; Ruststasie; Klipheuwel; Malmesbury	13,1 - 14,0% 14,1 - 15,0%	R50,00 per ton R68,00 per ton
20	Deurlugting van kanola:	H/Hof; R-Wes; Darling; K/Heuwel; Malmesbury	10,1 - 12,0%	R68,00 per ton
21	Verhuring van stoorruimte		Landplaas, Eendekuil, Porterville, Malmesbury, Ruststasie, Vredenburg	Onderhandelbaar
22	Uitlaai van graan buite normale werksure	Alle graan	Alle silo's en bunkers	Onderhandelbaar
23	Beroking van vragte	Alle graan	Arbeidkoste	R650,00 per uur
	Reiskoste		R7.50 per km	
	Berokingsmiddels		Kosprys plus 15%	

Notas:

- Die hanteringstarief word gefaktureer met lewering.
- Graan wat op voorraadkontrakte gehou word, se opbergtariewe word maandeliks gefaktureer. Graan wat op sertifikaat gehou word se opbergtarief word gefaktureer by indiening van die sertifikaat vir kansellasië of oordrag.
- Tariewe geldig tot 30 September 2027 (uitgesluit die tariewe van mielies wat tot 30 April 2027 geldig is)
- Alle tariewe sluit BTW uit.

2. Koringinname, gradering en afleweringsinstruksies

Broodkoring

Broodkoring word gegradeer ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet 119 van 1990), soos gewysig, en die toepaslike graderingsregulasies. Hektolitermassa word op 'n gesifte monster bepaal.

Hektolitermassa	Proteïen %			
(kg/hl)	≥ 12.5	12.4 – 11.5	11.4 – 10.5	10.4 – 9.5
≥76.0	SG	B1	B2	B3
74.0 – 75.9	B3	B3	B3	B3

Klas Ander Koring

Indien koring nie aan die graderingsregulasies van Broodkoring voldoen nie, sal Agrimark Grain dit inneem as 'n Klas Ander Koring met gradering beperkings soos in onderstaande table uiteengesit. Hektolitermassa word ook op 'n gesifte monster bepaal.

Hektolitermassa	Proteïen %					
(kg/hl)	≥ 12.5	12.4 – 11.5	11.4 – 10.5	10.4 – 9.5	9.4 – 8.5	8.4 – 7.5
72.0 – 73.9	KA	KA	KA	KA	KA	KA2
70.0 – 71.9	KA2	KA2	KA2	KA2	KA2	KA2

Voere

Indien koring nie aan die graderingsregulasies van Broodkoring of Klas Ander Koring voldoen nie, sal Agrimark Grain dit inneem as produk Voere by Silo's waar kapasiteit beskikbaar is. Die vogbeperking bly egter steeds dieselfde soos in die geval van Broodkoring en Klas Ander Koring.

CHEMIESE RESIDUE

Ongeregistreerde landbou chemikalieë of residue kan ernstige voedselveiligheids- en finansiële gevolge hê indien besmette graan met ander voorraad vermeng word. Lig die Depobestuurder voor aflewering in indien besmetting vermoed word. Agrimark Grain behou die reg voor om afgelewerde vragte te toets.

Afleveringsinstruksies en kontraktoewysing

- **Elke vrag:** Verskaf 'n volledig ingevulde afleveringsinstruksie. Graanlewering opdrag boeke is by alle graandepots beskikbaar.
- **Veelvuldige kontrakte:** Dui duidelik aan teen watter kontrak elke vrag toegeken moet word.
- **Voltooide kontrak:** Sodra die vereiste tonnemaat bereik is, word bykomende vragte of gedeeltes aan die volgende oudste kontrak toegeken.
- **Geen oop kontrak:** Afleverings word outomaties as privaatberging ontvang sodra alle kontrakverpligtinge nagekom is.
- **Afgraderings:** Voertuigbestuurders moet weet of KA-, KA2- of Voergraadvragte afgelewer mag word. Sonder duidelike instruksies sal die vrag teruggestuur word.
- **Afleveringstye:** Standaard afleveringsure gedurende die oes is Maandag tot Saterdag van 07:00 tot 19:00. Ure kan aangepas word volgens plaaslike oestoestande en kliëntebehoefes. Depotspesifieke veranderinge sal per SMS of WhatsApp gekommunikeer word. Agrimark Grain sal afleveringsvereistes akkommodeer sover dit redelikerwys moontlik is.

BEPLAN VIR PIEKDAE

Gaan asseblief alle kommunikasie vanaf die betrokke depots na voordat graan afgelewer word, veral tydens reënbuie, piek inname periodes of wanneer kommoditeite met beperkte kapasiteit gelewer word.

Ooreenkomste, oorplasings en sertifikate

Alle kliënte wat graan aflewer, moet vooraf 'n Graanbergingsooreenkoms onderteken. Kliënte wat graan aan Agrimark Grain verkoop, moet ook die toepaslike Koringaankoopkontrak onderteken. Graan in privaatberging kan op skriftelike instruksie van die kliënt na 'n kontrak of n silosertifikaat oorgedra word, hetsy by die naaste silo of deur die Agrimark Grain Portaal.

3. Ander graan en beskikbare silo's waar opgeberg

Die beskikbaarheid van losmaatberging verskil per depot en kommoditeit.

Kontak Agrimark Grain voor lewering sodat kapasiteit en stelselopstelling bevestig kan word.

Kommoditeit	Ontvang Silo(s)	Belangrike voorwaardes
Hawer	Pools Silo	Minimum 49.0 kg/hl hektolitermassa
Korog	Darling Silo	Bevestig kapasiteit voor aflevering
Soet lupiene	Darling, Eendekuil and Piketberg	Bevestig kapasiteit voor aflevering
Kanola	Halfmanshof, Riebeek Wes, Malmesbury, Klipheuwel en Darling	'n Geldige bedryfspaspoort is verpligtend

Kanola-privaatbergingskapasiteit

Silo	Beskikbare bergingsspasie
Halfmanshof	1 952 t
Riebeek Wes	774 t
Klipheuwel	8 000 t
Darling	1 054 t
Malmesbury	2 000 t

KAPASITEITSTOEKENNING

Privaatbergingskapasiteit vir kanola, uitgesluit SOILL-aflowerings, word toegeken op 'n eerste-kom-eerste-bedien-basis. 'n Geldige bedryfspaspoort word vereis.

Vir enige ander bergingsvereistes, kontak asseblief vir Awie Kriel.

Vir die aflowering van hawer, korog, soet lupiene, voer gars of kanola, kontak Alisha Swanepoel vooraf, sodat die kommoditeit korrek op die stelsel ontvang kan word.

4. Voertuig-, aflaai- en voedselveiligheidsvereistes

- **Vraghouers/Sleepwabakke:** Aflaai bakke moet graan vrylik laat vloei en sonder moeite kan oop/toemaak.
- **Olielekke:** Herstel lekkasies voor aflowering om graanbesmetting en voedselveiligheidsinsidente te voorkom.
- **Voertuigbestuurder-inligting:** Voertuigbestuurders moet die afloweringsinstruksie, kontraktoewysing en die vereiste optrede in geval van afgradering verstaan.
- **Wettige Laaimassa:** Voertuie moet voldoen aan die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996) en wettige as- en bruto-massabeperkings.
- **Bewys van wettige laaimassa:** Vervoerders moet, waar vereis, skriftelike bewys van wettige laaimassa verskaf.
- **Voorkoming van oorlading:** Versenders en ontvangers moet redelike stappe doen om te voorkom dat oorlaaide voertuie gelaai of aanvaar word.

5. Vog, Massa-aanpassings en Skoonmaakkoste

Standaard koringmassa-aanpassing

Sifsels, normale vogverliese en onsuierhede	Massa-aanpassing
0.0% tot 2.0%	0.5%
2.1% en hoër	Aangepas na 1.5%

Addisionele skoonmaakkoste

Sifselinhoud	Aanpassing en Addisionele Skoonmaakkoste
7.6% tot 10.0%	Massa-aanpassing plus R55/t skoonmaakkoste
10.1% tot 12.5%	Massa-aanpassing plus R100/t skoonmaakkoste
12.6% tot 15.0%	Massa-aanpassing plus R125/t skoonmaakkoste

Aangesien die meeste silo's oor skoonmaak masjienerie beskik, kan koring met 'n sifselinhoud van meer as 3,0% aanvaar word, onderhewig aan die toepaslike aanpassings, skoonmaakkoste en operasionele kapasiteit.

Vog

Silo(s)	Maksimum vog - inname reëling
Darling	Koring met 'n voginhoud van tussen 13.1% en 16.0% kan ontvang word waar droogkapasiteit beskikbaar is.
Porterville, Riebeek Wes, Ruststasie, Malmesbury en Klipheuwel	Koring met 'n voginhoud van tot 15.0% kan ontvang word waar deurlugtingskapasiteit beskikbaar is.

VOORDAT NAT KORING AFGELEWER WORD

Bevestig aanvaarding, kapasiteit en droog- of belugtingskoste met die betrokke silo voordat koring met 'n voginhoud van meer as 13,0% afgelewer word. Aanvaarding is onderhewig aan beskikbare kapasiteit.

6. Portaal

Agrimark Rekening- en Graanportaal

Gebruik die Agrimark Rekening- en Graanportaal vir lewendige rekening-, kontrak- en voorraadinligting. Besoek aanlyn by <https://www.agrimark.co.za/login> of laai die **Agrimark Mobiele Toepassing af**.



Download the Agrimark Mobile App

Scan the QR code below to get the app



Afdeling	Beskikbare inligting en dienste
Graan	Afleweringsopsommings en besonderhede; voorraadverslae; getekende kontrakte en aflewerings per kontrak; opbrengs per hektaar; vereffeningsstate
Rekening	Rekeninglimiete; maandelikse state; aankoopinligting; fakture, insluitend silokostes
Graanversoeke	Versoek uitreik of kansellasië van uitlaai-instruksies; voorraadoorplasings en uitreiking van safex/silo silosertifikate

Registrasievorms is beskikbaar by financialservices@agrimark.co.za of grainportal@agrimark.co.za. Vir bystand, kontak u Kredietbestuurder of Bertie Pretorius by 022 482 8165.

7. Betalings en vereffeningsreëlins

- **Weeklikse betalings:** Agrimark Grain kontrakbetalings word weekliks elektronies vanaf die Malmesbury-kantoor gedoen.
- **Voltooide verpligtinge:** Betaling geskied slegs nadat die afleweringsverpligtinge van die betrokke kontrak afgehandel is.
- **Vrydag-afsnit:** Oorplasings vanaf privaatberging na kontrakte moet teen **Vrydag 12:00** afgehandel wees om vir die volgende week se betaling te kwalifiseer.
- **Outomatiese verrekening:** Bedrae verskuldig aan Agrimark-rekening sal outomaties teen die kliënt se Agrimark rekening verreken word, tensy alternatiewe vereffeningsreëlins met Agrimark Finansiële Dienste getref is. Alternatiewe vereffeningsreëlins wat in vorige seisoene gegeld het, moet elke jaar hernu word.

8. Heffings van toepassing op wintergraan

Grain SA (GSA) – Vrywillig

Agrimark Grain ondersteun Grain SA met die invordering van heffings. Magtigingsvorme is beskikbaar by die Malmesbury-kantoor, die naaste depot. Bestaande magtigings bly van krag totdat dit skriftelik deur die kliënt gewysig word. Hierdie heffing is van toepassing op alle graan wat binne die Republiek van Suid-Afrika geproduseer word en word by **eerste punt van aflewering** gehef.

Kommoditeit	Heffing, BTW uitgesluit
Koring, Hawer, Gars, Lupiene	R5.10/t
Kanola	R7.00/t

Telers- en tegnologieheffing (SACTA) – Statutêr

Die statutêre maatreël ondersteun teelnavorsingsfunksies en word aangewend vir kommersiële teelaktiwiteite deur saadmaatskappye op grond van hul prestasie en benutting in die saadmark en is van toepassing by **eerste punt van verhandeling**.

Kommoditeit	Heffing, BTW uitgesluit
Koring	R35.00/t
Gars	R35.00/t
Hawer	R35.00/t
Lupiene	R35.00/t

Suid-Afrikaanse Wintergraanbedryfsagentskap (SAWCIA) – Statutêr

Die statutêre maatreël ondersteun wintergraan-inligtings-, navorsings- en transformasiefunksies en is van toepassing by **eerste punt van verhandeling**.

Kommoditeit	Heffing, BTW uitgesluit
Koring	R13.40/t
Gars	R13.40/t
Hawer	R11.20/t

9. Graanbemarkings dienste

Agrimark Grain streef daarna om 'n toonaangewende landbouvennoot vir produsente te bly deur die bemarking van koring en ander graansoorte aktief te ondersteun. Die mark verander voortdurend, en 'n reeks prys- en kontrakteringsopsies kan beskikbaar wees volgens kliëntebehoefte en marktoestande.

- **Daaglikse pryse:** Agrimark Grain versprei beskikbare pryse aan kliënte via SMS en WhatsApp. Kontak die graanbemarkingspan indien u nie die daaglikse boodskap ontvang nie.
- **Koring prysing opsies:** Bespreek vasteprys-, uitgestelde prysing- en ander beskikbare bemarkingsalternatiewe met die graanbemarkingspan.
- **Kanola prysing opsies:** Bespreek die finaleprys- of minimumprysopsies met die graanbemarkingspan.
- **Ander kommoditeite:** Hawer, korog, voergars en soet lupiene word op 'n ad-hoc basis aangekoop.

PRAAT VROEGTYDIG MET ONS

Vroeë betrokkenheid help Agrimark Grain om u verwagte oes, kwaliteit, voorkeur prysmetode en afleweringplan met beskikbare markgeleenthede te belyn.

10. Saadaangeleenthede en -dienste

Saadbestellings en afhaal

- **Bestelsperdatum:** Plaas saadbestellings teen 31 Desember 2026 by ons saaddepots in Porterville, Malmesbury, Darling, Eendekuil, Ceres of Graafwater. Rig asseblief alle navrae aan Charles Williams.
- **Vroeë afhaal:** Haal saad so vroeg as moontlik af. Geselekteerde kultivars mag reeds voor die einde van Februarie 2027 beskikbaar wees.
- **Terugsendings:** Beperkte oorskotsaad kan tot 30 Junie 2027 teruggestuur word teen die saadprys minus 'n 10% hanteringsfooi. Voergraan word nie vir terugsending aanvaar nie.
- **Gehaltekweesies:** Meld gehaltekweesies onmiddellik ná ontvangs aan, voordat saad geplant word.

Skoonmaak- en behandelingsdienste

Agrimark Grain maak produsente se terughou saad skoon en behandel dit by Porterville, Malmesbury, Eendekuil en Darling. Bestellings moet verkieslik voor 31 Desember 2026 by Charles Williams geplaas word. Dienste sluit in skoonmaak, insek- en swamdoderbehandeling en verpakking van ertjies, gars, hawer, koring, korog en lupiene.

Waarom gesertifiseerde saad belangrik is

Agrimark Grain se gesertifiseerde saad word jaarliks deur gekeurde saadprodusente vermeerder volgens SANSOR-vereistes en met gebruik van vroeë-generasie bronmateriaal. Jonger generasie, kultivarsuiwer saad bied groter vertroue in variëteitssuiwerheid en agronomiese eienskappe, insluitend siekteweerstand. Omdat verliese wat met swak gehalte saad verband hou nie later in die produksiesiklus reggestel kan word nie, word produsente aangemoedig om ten minste 'n gedeelte van hul aanplantings met gesertifiseerde saad te vestig.

Koring									
Kultivars	Hoeveelheid (kg)	Verpakking		Standaard	Ander behandeling (Agrimark Grain Saad verskaf) - KAN NIE KANSELLEER				
		50kg	500kg	Dividend Extreme	Flite	Celest Top	Evergol Energy	Imidakloprid	
Voorbeeld : SST 0166	8000		X	X				X	
SST 015									
SST 056									
SST 0166									
SST 0187									
SST 0208									
SST 0235									
LG Ancia		-	X	X	-	-	-	-	-
LG Albatros		-	X	X	-	-	-	-	-
LG Fisant		-	X	X	-	-	-	-	-
IS Tordo		-	X	X	-	-	-	-	-
SAS 3774		-	X	X	-	-	-	-	-
SAS 3783		-	X	X	-	-	-	-	-
SAS 3855		-	X	X	-	-	-	-	-
SAS 3976		-	X	X	-	-	-	-	-

Voergars	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
SKG 9	
Barforce	
Dictator 2	

Hawer	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Pallinup	
Dunnart	
SSH 4185	
SSH 4186	
Wizard	
Barsaia Swarthawer	

Korog	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
AG Beacon	
US 2019	

Wieke	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Haymaker	
Volga	

Faba bone	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Fiesta	

Lupiene	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Soet - Mandelup	
Bitter - SSL 10	
Bitter - Azuro	

Rog	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Duiker Max	
Barpower Voerrog	
Powergreen Stoelrog	

Serradella	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Enema - Pienk	

Lusern	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Bar 7 Coated	

Medics	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
BARSA Mix	
Cavalier	

Kanola	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Konvensionele Kultivars	
Diamond	
Quartz	
QF2403C	
Clearfield	
Continuum CL	
Solstice CL	
Equinox CL	
Ceres CL	
Triasien	
Alpha TT	
Blazer TT	
Hyttec Trophy	
Hyttec Trifecta	
Hyttec Velocity	
Triasien + Clearfield	
Defender CT	
Griffon TI	

Kontak Charles Williams vir saadbehoefes wat nie op hierdie vorm verskyn nie.

Selfoon: 082 571 5005

E-pos: charles.williams@agrimark.co.za

Naam:	Agrimark Rekening nommer:	Handtekening:
Kontak Nommer:		Datum:

DIE PRODUSENT ONDERNEEM OM DIE SAAD HIERIN VERMELD OP DIE TERME EN VOORWAARDES HIERONDER UITEENGESIT TE KOOP EN WEL TEEN DIE TOEPASLIKE PRYSE VAN DIE SEISOEN SOOS LATER DEUR AGRIMARK GRAIN VASGESTEL.

Terme en Voorwaardes

Agrimark Grain onderneem om alles in sy vermoë te doen om hierdie bestelling uit te voer, maar is nie verplig om die saad in presiese hoeveelhede te verskaf nie.

Die produsent is wel verplig om die bestelde saad op te neem, tensy Agrimark Grain nie in staat is om die saad in plant/saaityd te verskaf nie.

Die kultivar keuses in die bestelling kan tot 31 Desember 2026 deur die produsent gewysig word. Die chemie formule kan nie op 'n latere stadium gewysig word nie.



Produsente Saadverwerking 2026/27

(Terughou Saad)

Moet asb. voor of op 31 Desember 2026 ingehandig word.

Koring								
Verwerkings aanlegte: Malmesbury, Porterville, Darling, Eendekuil, Graafwater en Ceres								
Kultivars	Hoeveelheid (kg)	Behandeling (Agrimark Grain Saad verskaf) - KAN NIE KANSELLEER						
		Dividend Extreme	Flite	Celest Top	Evergol Energy	Imidakloprid	Ander	Onbehandeld
Voorbeeld : SST 0166	8000	X				X		
SST 88								
SST 015								
SST 056								
SST 0166								
SST 0147								
SST 0187								
SST 0208								
LG Ancia								
IS Tordo								

Voergars	
Verwerkings aanlegte: Darling, Eendekuil, Graafwater en Ceres	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
SVG 13	
SKG 9	
Barforce	

Lupiëne	
Verwerkings aanlegte: Darling, Eendekuil, Graafwater en Ceres	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Soet - Mandelup	
Bitter - SSL 10	

Hawer	
Verwerkings aanlegte: Malmesbury, Darling, Eendekuil, Graafwater en Ceres	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Pallinup	
Dunnart	
SSH 4185	
SSH 4186	
Wizard	

Rog	
Verwerkings aanlegte: Darling, Eendekuil, Graafwater en Ceres	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
Duiker Max	
Barpower (Voer)	

Korog	
Verwerkings aanlegte: Darling, Eendekuil, Graafwater en Ceres	
Kultivars	Hoeveelheid (kg)
AG Beacon	
US 2019	

Kontak Charles Williams vir saadbehoefes wat nie op hierdie vorm verskyn nie.

Selfoon: 082 571 5005

E-pos: charles.williams@agrimark.co.za

Naam:	Agrimark Rekening nommer:	Handtekening:
Kontak Nommer:		Datum:

11. Agrimark Grain kontakbesonderhede

AGRIMARK GRAIN: KONTAK BESONDERHEDE				
Besonderhede	Kontak Persoon	Telefoon	Selfoon	Epos
Operations Manager - Grain and Seed	Louis Coetzee	022 482 8045	071 680 0515	louis.coetzee@agrimark.co.za
Snr Manager - Silos	Awie Kriel	022 931 8337	083 286 2506	akriel@agrimark.co.za
Snr Manager - Seed	Charles Williams		082 571 5005	charles.williams@agrimark.co.za
Snr Manager - Grain Procurement	Dewald Burger	022 482 8035	082 900 8736	dewald.burger@agrimark.co.za
Graan Silo & Bunkers				
Ceres	Benjamin Swartz (Risikobestuur)	023 007 0649	072 634 5486	benjamin.swartz@agrimark.co.za
Darling	Louis Erasmus	022 492 2774	082 954 2050	lerasmus@agrimark.co.za
	Lizaan Loedolff	022 492 2774	082 612 4629	lizaan.loedolff@agrimark.co.za
Eendekuil	Brandon (Klippiess) Smit	022 942 1072	076 108 1781	brandon.smit@agrimark.co.za
Gouda	Juneen Erasmus	023 232 0132	072 868 2921	juneen.erasmus@agrimark.co.za
Graafwater	Tian Botha	027 422 1002	082 610 4466	tian.botha@agrimark.co.za
Halfmanshof	Andre du Preez	022 931 8399	079 253 3900	andre.dupreez@agrimark.co.za
Klipheuwel	Charl Marais	021 971 1811	079 536 6375	charl.marais@agrimark.co.za
	Ghriswin Swart	021 971 1811	072 412 2253	ghriswin.swarts@agrimark.co.za
Klipheuwel Bunker	Charl Marais		079 536 6375	charl.marais@agrimark.co.za
	Jaco Swanepoel		060 996 5459	jaco.swanepoel@agrimark.co.za
Landplaas	Marietjie Smit	027 217 1367	073 290 8467	marietjie.smit@agrimark.co.za
Malmesbury	Bouwer Rall	022 482 8149	082 877 4808	bouwer.rall@agrimark.co.za
	Carina du Plessis	022 482 8148		carina.duplessis@agrimark.co.za
Doornkuil Bunker	Bouwer Rall	022 482 8195	082 877 4808	bouwer.rall@agrimark.co.za
	Teswill Owies	022 482 8195	060 698 3408	teswill.owies@agrimark.co.za
Piketberg	Christo la Grange	022 913 1009	072 477 3205	christo.lagrange@agrimark.co.za
Pools	Aubrey Marthinus	022 913 2093	082 716 2388	aubrey.marthinus@agrimark.co.za
Porterville	JJ Rademan	022 931 8308	084 996 5172	jj.rademan@agrimark.co.za
Riebeek Wes	Dewald Zeelie	022 461 2338	083 710 9947	dewald.zeelie@agrimark.co.za
Ruststasie	Kobus Duminy	022 482 8199	084 549 2425	kobus.duminy@agrimark.co.za
Vredenburg	Lindie Kotze	022 713 1912	079 890 7896	lindie.kotze@agrimark.co.za
Graan Administrasie				
Malmesbury	Bertie Pretorius	022 482 8165	082 323 7926	bertie.pretorius@agrimark.co.za
Malmesbury	Elzahn Ontong	022 482 8033	071 862 1522	elzahn.ontong@agrimark.co.za
Malmesbury	Alisha Swanepoel	022 482 8127	078 803 1033	alisha.bester@agrimark.co.za
Graan Verkryging				
Malmesbury	Angeline van Zyl	022 482 8032	083 446 6858	angeline.vanzyl@agrimark.co.za
Malmesbury	Jacobus Brand	022 482 8031	076 732 9706	jacobus.brand@agrimark.co.za
Porterville	Maretha Kotze	022 931 8347	079 509 3449	maretha.kotze@agrimark.co.za
Saad				
Porterville	Charles Williams		082 571 5005	charles.williams@agrimark.co.za

ONS IS GEREED OM TE HELP

Dankie dat u Agrimark Grain met u oes vertrou. Kontak ons vroegtydig indien u hulp benodig met kontrakte, afleweringbeplanning, berging, kwaliteitsvereistes of bemarkingsbesluite.